

27 Januarie

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:21**

### **Die skepping sal bevry word**

“Newton se derde wet” het nie net betrekking op die “negatiewe uitwerking” van die sonde, wat die mens en die skepping laat sug nie, maar ook op die positiewe wat die mens en die skepping met hoop laat lewe.

Die effek van die sonde, wat ons van dag tot dag beleef, is geneig om ons oog te verblind, dat ons die belofte van God dikwels uit die oog verloor. God belooft ons in sy Woord dat die skepping (wat die mensdom insluit), uit “*sy verslawing aan die verganklikheid*”, met ander woorde uit sy sinloos geworde bedeling bevry sal word.

Hierdie belofte van God staan vas. In Romeine 5:17 lees ons dat “deur die Een, Jesus Christus, veel meer bereik is, want deur Jesus Christus *sal* dié wat die oorfloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, lewe en heerskappy voer”. Ook verderaan, in Romeine 8:31-39, word ons geleer dat hierdie belofte vasstaan en dat niks of niemand dit kan verander nie. Hierdie belofte word deur die Heilige Gees op die hart van elkeen wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, geskryf, sodat ons kan getuig dat wat God ook al belooft, sal geskied.

In Christus, ons Verlosser, is ons gered, daarom kan ons nou lewe met die hoop, met die vaste wete dat God ook die skepping (die mensdom ingesluit) sal bevry. Hierdie feit staan só vas dat Paulus in Romeine 8:23 uitroep: “*Hy sal ons van die verganklikheid bevry.*”

Soos wat jy sekerheid het oor die feit dat God jou vrygespreek het in die verlede, net so kan jy die hoop, die vaste wete, hê dat God ook sy beloftes vir die toekoms (vir die skepping en jou) waar sal maak.

Sing: Psalm 18:1, 14 (Totius)

Ds. RP Buys (Nelspruit)